SA Jagters- en Wildbewaringsvereniging
SA Hunters and Game Conservation Association
Bewaring deur volhoubare benutting / Conservation through sustainable utilisation

MDS OPLEIDING STRUKTUUR



MDS NASIONALE KOORDINEERDERS EN -OPLEIERS

NASIONALE KOÖRDINEERDER EN - OPLEIER	VERANTWOORDELIK VIR TAKKE IN DIE VOLGENDE STREKE
Dirk Brand Tel: 083 324 2237 Ksdpcfs@gmail.com	1. Vrystaat 2. Noordkaap 3. Ooskaap 4. Drakensberg Ooskaap

NASIONALE KOÖRDINEERDER EN - OPLEIER	VERANTWOORDELIK VIR TAKKE IN DIE VOLGENDE STREKE
Martin Dreyer Tel: 076 953 4278 amfdrey@gmail.com	1. Kalahari Bosveld 2. Stellaland 3. Vaalrivier 4. Weskaap 5. KwaZulu-Natal

NASIONALE KOÖRDINEERDER EN - OPLEIER	VERANTWOORDELIK VIR TAKKE IN DIE VOLGENDE STREKE
Jacques van Eck Tel: 082 566 0529 jac@vodamail.co.za	1. Gauteng Noord 2. Gauteng Suidwes 3. Gauteng Suidoos 4. Limpopo 5. Mpumalanga Noord 6. Mpumalanga Suid

Belangrike nota: Martin Dreyer, Dirk Brand en Jacques van Eck is die Nasionale MDS koördineerders en opleiers. MDS Baanoffisier opleiding word slegs deur die Nasionale MDS koördineerders of enige MDS Streekkoördineerders wat deur die Nasionale MDS koördineerders aangewys en bevoeg verklaar is aangebied.

OPLEIDING ADMINISTRASIEPROSESSE

1. MDS INDUKSIE EN KLASSIFIKASIE SKIET – NUWE SKUTS

Slegs SAJWV lede kan aan MDS deelneem aangesien rekordering van aktiwiteite (bv. induksie) belangrik is en die lede-adiministrasie stelsel maak nie voorsiening vir nie-lede nie.

1.2 Alle voornemende skuts wat aan die Multi-Dissipline Sportskiet (MDS) wil deelneem moet eers die voorgeskrewe verpligte MDS Induksie en klassifikasie skiet suksesvol voltooi voordat hulle aan die sport mag deelneem. Tydens klassifikasie word ‘n skut geklassifiseer as Beginner, Gewone skut, Skerpskutter, Uitstaande skut of Meester skut.

1.3 MDS Induksie is die proses waardeur skuts ‘n inligtingsessie moet deurgaan wat ‘n algemene oorsig van die reëls en regulasies behels oor:

1.3.1 die algehele reëls en regulasies van die sport;

1.3.2 die algehele skietbaanbaan veiligheidreëls en standaardbevele;

1.3.3 die vereiste veilige wapenhantering vir die sport;

1.3.4 watter toerusting benodig die skut om aan die sport deel te neem;

1.3.5 Belangrik: induksie is egter net ‘n bekendstelling, en dit bly die lid se verantwoordelikheid om die reëls te bestudeer en te leer ken.

1.4 Die MDS Induksie word deur die tak aangebied. Indien die MDS Induksie in ‘n streekverband aangebied word, sal ‘n tak in die streek, as gasheertak die MDS Induksie aanbied.

1.5 MDS Induksie vind plaas op takvlak en word onder toesig van die MDS Takkoördineerder (MDS Induksie opleier) gedoen. Ander takke se lede kan die induksie ook bywoon.

1.6 Die MDS Takkoördineerder wat die MDS Induksie aanbied, is verantwoordelik vir die reëlings en administrasie daarvan. Voornemende MDS skuts betaal vooraf die Induksie registrasiefooi aan die tak wat die Induksie aanbied en bestaan uit die totaal van:

1.6.1 Die induksie registrasiefooi **betaalbaar aan Nasionale Kantoor**, is ‘n eenmalige bedrag van R100-00 per lid en sluit in:

- Die lid se registrasie as MDS skut
- MDS lapwapen
- MDS sertifikaat is beskikbaar op die lid se profiel op die lede administrasie stelsel.

1.6.2 Die Tak wat die MDS Induksie aanbied voeg ‘n **addisionele fooi by om die tak se uitgawes te dek**.Voorbeelde van moontlike tak uitgawes is bv.

- Baanfooie
- Teikens
- Plakkers
- Studiemateriaal
- Etes

1.7 Indien ‘n skut na oordeel van die MDS Takkoördineerder nog nie bevoeg is om aan MDS skietoefening deel te neem nie, word opvolg opleiding en evaluering gereel voordat hy/sy bevoeg verklaar kan word. Slegs na die Induksie suksesvol voltooi is, kan ‘n skut aan MDS skietoefeninge deelneem.

1.8 Na die suksesvolle voltooiing van die MDS Induksie (teorie) moet die lid ‘n praktiese MDS klassifikasie skiet aflê, waar lede volgens hul prestasies geklassifiseer word as Beginner, Gewone skut, Skerpskutter, Uitstaande skut of Meester skut.

1.9 Na afloop van die Induksie en klassifikasie proses voltooi die MDS Takkoördineerder die bywoningslys en resultate vorm (aanhangsel A aangeheg) voltooi en teken en stuur dit na die Nasionale kantoor se Vuurwapenhulplyn administrasie afdeling (hierna die Nasionale kantoor genoem)

1.10 Die lede se MDS Induksie en klassifikasie word by die Nasionale kantoor op die stelsel ingelees en uitgereik, en die lid se MDS lapwapen word aan die gasheertak gestuur, tensy ‘n ander reëling met die betrokke afdeling getref word. Die lid se MDS sertifikaat is beskikbaar op sy profiel op die lede administrasie stelsel.

2. BEHOUD VAN MDS KLASSIFIKASIE

2.1 Elke MDS skut moet aan ‘n minimum van twee MDS skietoefeninge, met ‘n minimum van drie bane per skietoefeninge, per jaar deelneem om sy MDS klassifikasie te behou. Indien die skut nie sy klassifikasie handhaaf nie, moet die induksie weer gedoen word.

2.2 Daar word van elke skut vereis om jaarliks vanaf November tot einde Februarie ‘n klassifikasie skiet te doen. Raadpleeg die MDS Reëlboek vir aanvullende inligting rakende die jaarlikse klassifikasie skiet.

2.3 Die MDS Takkoördineerder moet die MDS bywoning en resultate vorm voltooi met die skut se nuwe klassifikasie en aan die die Nasionale kantoor stuur dat die lid se klassifikasie opdateer word.

2.4 ‘n Lid wat goed presteer se klassifikasie kan op meriete bevorder word. Die Nasionale MDS koördineerders, kan ‘n skut se klassifikasie na oorweging spontaan bevorder. Die Nasionale MDS koördineerders moet die MDS bywoning en resultate vorm voltooi met die skut se nuwe klassifikasie en aan die die Nasionale kantoor stuur sodat die lid se klassifikasie opgedateer word.

2.5 Die MDS sport bied die geleentheid aan skuts om op takvlak, streekvlak en Nasionale vlak deel te neem. Raadpleeg die MDS Reëlboek vir aanvullende inligting rakende streek en nasionale deelname.

3. OPLEIDING VAN MDS BAANOFFISIERE

3.1 MDS baanoffisier opleiding is gratis.

3.2 Voorvereistes vir ‘n MDS baanoffisier:

- Moet reeds ‘n standaard SAJWV baanoffisier wees;
- Moet reeds die MDS Induksie geslaag het;
  Nota: Hierdie reëling is ‘n vereiste vir SAJWV se aanspreeklikheids versekering.

3.3 Martin Dreyer, Dirk Brand en Jacques van Eck is die Nasionale MDS koördineerders en opleiers. MDS Baanoffisier opleiding word slegs deur die Nasionale MDS koördineerders of enige MDS Streekkoördineerders wat deur die Nasionale MDS koördineerders aangewys en bevoeg verklaar is aangebied.

3.4 Indien ‘n tak of streek ‘n behoefte het vir MDS baanoffisier opleiding, moet hulle die streek se MDS koördineerder kontak, wat die nodige reëlings in plek sal kry en ‘n geskikte datum sal reël vir opleiding by ‘n tak in daardie streek. Hy moet die Nasionale MDS koördineerders skakel wat dan die opleidingsreëlings amptelik met die tak en die betrokke MDS baanoffisier opleiers sal bevestig.

3.4.1 Die voornemende MDS baanoffisier moet vooraf vir die voorgeskrewe oopboek teorie eksamen voorberei;

3.4.2 Hy moet die teorie eksamen onder direkte toesig van die Nasionale MDS Koördineerder of ‘n goedgekeurde MDS Baanoffisier opleier aflê;

3.4.3 Hy moet dan drie praktiese diensbeurte onder toesig van ‘n MDS Baanoffisier opleier verrig waartydens hy/sy finaal ge-evalueer word;

3.4.4 Indien die lid volgens die MDS Baanoffisier opleier se oordeel kwalifiseer om as Baanoffisier op te tree, moet die MDS Baanoffisier opleier die MDS bywoning en resultate vorm voltooi en na die Nasionale kantoor stuur vir prossesering van die betrokke lid se MDS Baanoffisierstatus;

3.4.5 Na die Nasionale kantoor die resultate geprosseseer het, sal die lid se MDS baanoffisier lapwapen aan die gasheertak getuur word, tensy ‘n ander reëling met die Nasionale kantoor getref word. Die lid se MDS baanoffisier sertifikaat is beskikbaar op die lid se profiel op die lede administrasie stelsel.

3.4.6 Nuwe lede wat van ‘n ander sportskiet vereniging na SA Jagters toe oorkom, en wat belangstel om ‘n MDS Baanoffisier te word, moet eers die standaard SA Jagters Baanoffisier opleiding suksesvol deurloop voordat hy die MDS Baanoffisier opleiding kan bywoon.

4. BEHOUD VAN MDS BAANOFFISIER STATUS

4.1 ‘n MDS baanoffisier moet minstens drie MDS baanoffisier dienste per jaar voltooi om sodoende sy baanoffisier status te behou.

4.2 ‘n MDS baanoffisier wat ‘n MDS Baanoffisier Opleier wil word, moet twee jaar ervaring as baanoffisier hê, en tweekeer as baanoffisier by ‘n MDS streekskiet kompetisie opgetree het of volgens die oordeel van die MDS Nasionale koördineerders en opleiers.

5. OPLEIER VAN MDS BAANOFFISIER OPLEIERS

5.1 Slegs die Nasionale MDS koördineerders mag MDS baanoffisier opleiers oplei.

5.2 Indien daar ‘n behoefte is om MDS baanoffisier opleiers op te lei, moet die MDS Streekkoördineerder die Nasionale MDS koördineerder skakel, en die nodige reëings tref om MDS baanoffisier opleiers op te lei.

RESULTATE EN BYWONING VORM
(AANHANGSEL A)

MDS

INDUKSIE, BAANOFFISIER, BYWONING EN RESULTATE VORM
INDUCTION, RANGE OFFICER, ATTENDANCE AND RESULTS FORM

2023

DATUM DATE:		TAK/ BRANCH:		SKIETBAAN/ SHOOTING RANGE:		BAANOFFISIER / OPLEIER + LIDNOMMER RANGE OFFISIER / TRAINER + MEMBER NUMBER			KONTAK NOMMER/ CONTACT NUMBER:	
NO / NR	LIDNOMMER/ MEMBER NUMBER:	NAAM EN VAN / NAME AND SURNAME	ID NOMMER / NUMBER	INDUKSIE INDUCTION	KLASSIFIKASIE / CLASSIFICATION	AFDELING / DIVISION	BO TEORIE / RO THEORY	BO PRAKTIES / RO PRACTICAL		
1										
2										
3										
4										
5										
6										
7										
8										
9										
10										
BAANOFFISIER / OPLEIER + LIDNOMMER RANGE OFFISIER / TRAINER + MEMBER NUMBER						DATUM AFGETEKEN/ DATE SIGNED OFF:			HANDTEKENING SIGNATURE:	

MDS TAKKOŐRDINEERDERS

PLIGTE EN VERANTWOORDELIKHEDE VAN DIE MDS TAKKOÖRDINEERDER

1 Die MDS Takkoördineerder moet ’n persoon met ’n sterk persoonlikheid wees wat dissipline kan handhaaf en moet ’n goeie organiseerder wees! Blootstelling aan soortgelyke skiet dissiplines (IPSC, IDPA, ens.) sal verkies word. **Die MDS Takkoördineerder sal ook ’n SAJWV Baan Offisier en MDS Baan Offisier wees.**

2 Skietbaan dissipline en vuurwapenveiligheid in die SAJWV is nie onderhandelbaar nie, en sal ten alle tye streng toegepas word aangesien MDS ’n dinamiese sport is.

3 Die MDS Takkoördineerder het die volgende pligte:

3.1 Die reël van MDS skietbyeenkomste vir taklede in opdrag van die Takbestuur;

3.2 Aanbied van induksie vir nuwe lede – net lede wat induksie voltooi het mag aan MDS skietoefeninge deelneem;

3.3 Die reël van opleiding van Baanoffisiere op takvlak in samewerking met die MDS Streekskoördineerder;

3.4 Die koördinering van voldoende, behoorlik opgeleide Baanoffisiere om MDS skietoefeninge te beheer;

3.5 Verseker dat dat alle deelnemers by skietoefeninge die skietbaanregister en vrywaringsvorms onderteken;

3.6 Opstel van MDS skiebane bane volgens ‘n standaard wat pas by die lede se vaardighede en met die doel om die lede se vaardighede te verbeter;

3.7 Optrede as hoofbaanoffisier tydens MDS skietoefeninge en om te verseker dat behoorlike veiligheidsprosedures in plek is tydens die skietoefeninge;

3.8 Om te verseker, in samewerking met die beampte verantwoordelik vir dataverwerking, dat behoorlike rekords van lede aktiwiteite, skiettellings en klassifikasie tellings waar benodig, bygehou word op die elektroniese tablet of versend word na die NK vir opdatering van lederekords;

3.9 Op hoogte te wees van alle reëls met betrekking tot die MDS skietdissipline en te verseker dat sodanige skietoefeninge volgens die reëls aangebied word;

3.10 Rekord te hou van MDS skietprestasies op takvlak en die toepaslike erkennings vir skietprestasies van die lede te reël;

3.11 Om die MDS sport, in samewerking met die takbestuur, te bevorder en die deelname te groei;

3.12 Om as ambassadeur te dien vir MDS in geheel.

ONTWIKKELING VAN MDS OP TAKVLAK

Die doel van hierdie afdeling is om algemene vrae te beantwoord, dit sluit in enige probleme wat takke ondervind om MDS aan te bied op tak vlak. As daar enigiets is wat u wil weet wat nie in die skrywe genoem is nie moet u asb. dit onder ons aandag bring sodat dit bygevoeg kan word. Die kanse is goed dat ander takke ook dieselfde vrae het.

1. AANBIED VAN SKIETOEFENINGE EN BETROKKENHEID VAN NUWE SKUTS

Daar is baie vrae oor wat ons by ons takke kan toelaat, en hier moet elke tak sy eie diskresie gebruik oor hoe hulle lede aktief en betrokke gaan kry by MDS. ‘n Voorstel is om skuts toe te laat om te kom skiet met wat hulle het, maar maak dit baie duidelik dat dit net op takvlak toegelaat sal word en indien hulle kompeterend wil wees hulle die regte toerusting sal moet aanskaf. As ‘n eerste keer skuts bv. nie ‘n holster het om sy wapen in te stoor nie kan die oefening begin word deur die wapen op ‘n tafel neer te sit met die tromp in ‘n veilig rigting.

Alhoewel ons die skuts akkommodeer om op tak vlak te kom skiet met watter toerusting hulle het, is dit ook baie belangrik om beheer uit te oefen dat skuts “nie maak soos hulle wil nie” nie. Daarom is dit baie belangrik om dit onder die skut se aandag te bring dat hulle wel moet toesien dat hulle hulself moet toerus met die regte toerusting, bv. ‘n skietbaadjie, ‘n behoorlike holster vir die wapen, magasyn holsters, ens.

Dit is ‘n baie tydsame proses om nuwe skuts op te lei om meer bevoeg te word en die meer ervare skuts moenie hierdeur benadeel word nie. ‘n Alternatief is om op ‘n aparte dag of ‘n aparte tydgleuf net die nuwe skuts te akkommodeer wat toetree tot die sport. Eenvoudiger bane kan opgestel word met geen bewegende teikens nie en ook beweging op die baan tot ‘n minimum beperk om die nuwe/ onervare skuts te help om hulle vaardigheid te ontwikkel. Monitor hierdie situasie en faseer so die onervare skuts in by die res van die skietoefeninge soos hulle vaardigheid toeneem.

2. INDUKSIE VAN NUWE SKUTS

Elke nuwe skut tot die MDS sport moet eers ‘n induksie proses voltooi. Induksie is suksesvol voltooi nadat die nuwe skut die aanbieding bygewoon het en die klassifiserende vaardigheidstoets geskiet het. Wanneer die skut dit voltooi het word die bywoningslys en resultate vorm (aangeheg) voltooi en aan nasionale kantoor gestuur en die skut word op die stelsel geregistreer. Die skut se aktiwiteite sal nie gelaai word indien die induksie proses nie voltooi is nie.



3. KLASSIFIKASIE VAN DIE SKUT

Elke skut moet een keer per jaar die klassifiserende vaardigheidstoets skiet vir hul klassifikasie. Hierdie skietoefeninge moet vanaf November tot einde Februarie elke jaar geskiet word om te bepaal onder watter klassifikasie die skut aan die komende jaar se kompetisies gaan deelneem. Afdeling 12 in die reëlboek handel oor die klassifikasie. ’n Voorstel is om tydens elke skietoefening vanaf November tot Februarie dit vir die skuts te noem en met elke skietdag vanaf November tot Februarie een van die bane die klassifiserende vaardigheidstoets te maak.

Die skut kan dan self besluit watter een van die geleenthede se klassifikasie hy/sy wil laat rekordeer. Sien die skermgreep op die tak administasie stelsel langs hierdie teks.

L/W: Die oefening kan slegs een keer per dag geskiet word en die skut kan nie opdaag net om die klassifiserende vaardigheidstoets te oefen nie.

Die opdatering van skuts se klassifikasie word op takvlak hanteer en die tak administrasie beampte lees dit in op die MDS module van die stelsel vir elke skut:



4. INLEES VAN OEFENINGE OP DIE STELSEL VIA DIE TABLET

Die volgende stappe moet altyd eers gevolg word voor die inlees van die data van 'n skiet begin.

1. "Data Synchronize" (1) verseker dat "Download Members" (A) en "Update Software" (B) op datum is soos aangetoon. Kliek op “competitions” vir die volgende stap.



2. Streekskietkompetisies kan vir die stelsel slegs geskep word deur hoofkantoor.

   Onder “competitions” sal u die volgende skerm sien en die onderstaande stappe volg:



A) Set CRO" – Die hoofbaanoffisier vir daardie kompetisie

B) "Registration" – Registreer al die skuts vir daardie divisie. Let asseblief dat hierdie afdeling eerstens 100% voltooi moet wees. Daar kan geen veranderings plaasvind nadat u die tellings begin inlees het nie.

C) "Scoring" – Tellings word hier ingelees

   Kliek op die "Scoring" funksie wat die volgende skerm hieronder oopmaak.

   By die registrasie proses word teiken nommers aan skuts geallokeer. Selekteer 'n nommer vir die skut se besonderhede en daarna kliek u op die "Edit" funksie.

Die volgende skerm maak oop en u laai die punte hier. Selekteer die regte baan (by die onderstaande pyl) en sleutel die punte in.

5. OPSTEL VAN MDS SKIETBANE

Skietoefeninge op takvlak: Gebruik die lede om te help met die opstel en afbreek van bane. Moenie huiwer om lede aan te spreek wat nie hulpvaardig is nie. Almal wil die dag geniet en lekker saam skiet, kom ons werk dan saam om dit aangenaam te maak vir almal!

Indien ons moeite doen met die opstel en uitlê van ons bane sal die skuts ook die oefeninge geniet en meer aktief betrokke wees. Waak daarteen om net ‘n paar voorbeelde in die argief te trek en dit op te stel, verander gerus die voorbeelde en in die proses leer jy om beter bane op te stel vir jou tak se skuts. Sommige takke stuur ‘n paar dae voor die skietdag al die oefeninge van die dag aan die skuts om sodoende dan ook hulle meer opgewonde te maak vir die skietdag wat voorlê.

Kyk na die uitleg van bane en maak seker dat jy nie net vir een groep skuts bevoordeel deur die oefeninge of te maklik of te moeilik te maak nie. ‘n Voorstel is om dalk die helfte van die bane maklike bane te maak en die ander helfte meer uitdagend te maak. Sodoende kan selfs die onervare skut “goed” presteer deur al die teikens raak te skiet, alhoewel sy tyd dit nie gaan reflekteer nie. Die makliker bane help ook om die dag beter en vinniger te laat verloop. Met die moeiliker bane moet die onervare skuts aangemoedig word om hulle beste prestasie te lewer en hulle te help waar nodig om uit te wys hoe hulle in die toekoms beter kan presteer. Sodoende sien die skut die meer ingewikkelde oefeninge as ‘n uitdaging vir ontwikkeling.

Hoeveel oefeninge aangebied word hang af van die behoefte by die tak en wat bekskibaar is in terme van toerusting, materiaal en bane. Die voorstel is dat nie minder as 2 of 3 bane vir ‘n skietdag opstel nie. Dit maak dit die moeite werd om die dag uit te sit vir skiet.

Streekkompetisies: Met ‘n streek kompetisie moet die bane vir die kompetisie eers deur die MDS streekkoördineerders goedgekeur word voordat die bane vir die kompetisie gefinaliseer word. As daar nie so ’n persoon is nie kan dit dan aangestuur word na die nasionale koördineerders.

Sodoende maak ons seker dat ons ’n sekere standaard handhaaf met ons streekkompetisies en ook die voorbereiding van die skuts wat aan die nasionale kampioenskappe deelneem. Dit is altyd goed as ’n tweede persoon die baan evalueer om te verseker alles in lyn is met die reëls.

Daar moet nie minder as 6 bane opgestel word vir ’n streek kompetisie nie. Hou in gedagte dat mense baie moeite doen om van elders te ry om die kompetisie te kom skiet, dit moet vir hulle die moeite werd wees om aan jou tak se streekkompetisie deel te neem. As die tak nie genoeg bane tot hul beskikking het nie kan daar altyd ’n paar bane opgestel word en gedurende ‘n pouse word die bane verander vir die res van die kompetisie. Dit is ’n goeie idee om ’n “*side match*” te hou tydens so ’n pouse waar twee skuts direk teen mekaar kompeteer met bv. ’n tweestryd boom, ’n plaat rak of ’n paar valplate wat opgestel word. Dit kan ook ’n ekstra inkomste wees vir die tak tydens die skietdag. Dit sal in so ’n geval van kardinale belang wees om die uitleg van die bane so te beplan dat die minimum van veranderinge nodig is tydens die pouse. Dit sal baie goed wees indien die MDS streek koördineerder die hoofbaanoffisier van die kompetisie kan wees, dit haal baie druk van die tak af wat die streekkompetisie reël sou daar dispute en klagtes geopper word.

6. PROSEDURE WAT GEVOLG WORD TYDENS REGISTRASIE VIR ‘N MDS SKIETDAG:

Met die begin van die dag moet alle skuts by registrasie aanmeld waar hulle toerusting geïnspekteer en ammunisie getoets word vir faktor vereistes. Maak seker dat alle wapens ontlaai en veilig is.

- Neem die skut se besonderhede en vergelyk dit met die inskrywings wat ontvang is;
- Bepaal die skut se klassifikasie en divisie waaraan hy/sy gaan deelneem;
- Bepaal of die skut se skietbaadjie en wapen- en ammunisie holsters aan die vereistes voldoen. Let ook op vir enige algemene probleme met die skut se toerusting wat daar mag wees wat voortydig aangespreek moet word.
- Plaas die skut se wapen met die langste leë magasyn in die wapen in die toetsboks vir die betrokke divisie om te bepaal of dit aan die vereistes voldoen;
- Indien daar ‘n chronograaf is, neem drie rondtes by die skut en skiet dit vanuit dooie rus oor die chronograaf met die skut se wapen. Bepaal of die ammunisie voldoen aan die faktor vereiste. Die ammunisie voldoen aan die faktor vereiste indien ten minste twee van die rondtes die faktor vereistes haal of oorskry. Indien die skut nie die faktor vereiste haal nie, neem nog drie rondtes en toets vir ‘n finale keer. As die skut weer nie slaag om die faktor vereiste te haal nie sal die skut nie aan die kompetisie kan deelneem nie. Ontlaai die skut se wapen, maak dit veilig en oorhandig dit aan die skut wat dit dan veilig holster.

7. BAANOFFISIERE

Ontwikkeling van nuwe baanoffisiere: Op takvlak kan skuts inspan word om die tellinghouer se werk op die baan te doen. Lig hulle vooraf in van hulle verantwoordelikheid tydens die oefening – tydens hulle optrede as tellinghouers kan kandidate geidentifiseer word vir die baanoffisier kursus. Dit word ten sterkste afgeraai en verbied dat enige lid (wat nie ‘n gekwalifiseerde Baanoffisier is nie) die Baanoffisier se werk oorneem aangesien daar ‘n wetlike verpligting teenoor ons as organisasie is om ten minste een gekwalifiseerde baanoffisier op die baan te voorsien.

Elke nuwe baanoffisier moet sy drie diensbeurte voltooi onder toesig van ‘n ervare baanoffisier en/of die MDS streekkoördineerder wat die opleiding aangebied het. Sodra die drie diensbeurte voltooi is, kan die baanoffisier ingespan word vir streekkompetisies en ook genooi word om tydens die nasionale MDS kompetisie diens te verrig. Ook met streekkompetisies moet al die baanoffisiere gekwalifiseerde baanoffisiere wees. Indien daar nie genoeg baanoffisiere by ‘n tak is nie kan julle gerus ander takke nader om hulp en hulle ook in die toekoms op dieselfde wyse bystaan. Gewoonlik betaal die gasheer tak die baanoffisiere se inskrywings gelde en voorsien ook drinkgoed en ‘n ete vir die dag.

Probleme met baanoffisiere: Indien ‘n MDS Takkoördineerder ’n probleem optel met ’n baanoffisier is dit sy verantwoordelikheid om dit so spoedig moontlik aan te spreek. Almal doen die werk vrywillig, hanteer dus elke probleem diplomaties maar ferm. Identifiseer die probleem en kyk of daar nie ’n manier is om die baanoffisier te help nie. Sou die persoon nie regkom as ‘n MDS baanoffisier nie moet ons die persoon aanmoedig om dan eerder by die ander aktiwiteite as baanbeampte op te tree, bv. die ander Sportskietoefeninge. Kontak gerus die MDS Streek- of nasionale koördineerder indien daar ernstige probleme is wat aangespreek word.

MDS TELKAART

MDS TELKAART

Naam:		SAJWV lidnommer:	
Skut kategorie:		Skut divisie:	
Skut klassifikasie:		Min aantal skote	
Datum:		Tyd: A	
Baan no:			

	B: Telling				C: Strafpunte			
Teiken	A	C (-1)	D (-3)	Mis (-5)	PS (-5)	TNG (-5)	GS (-10)	GO (-20)
T1								
T2								
T3								
T4								
T5								
T6								
T7								
T8								
T9								
T10								
T11								
T12								
T13								
Subtotaal					Subtotaal			
Totaal B					Totaal C			

		*PS: Prosedure strafpunt
Begin	100	*TNG: Teiken Nie Geneutraliseer
Minus (Totaal A + B + C)		*GS: Skote op Geen skiet Teiken
Finale telling		*GO: Gedragsoortreding

Waarskuwings		Diskwalifikasie	
Versperring			
Vinger			

....

Handtekening skut: Handtekening BO: